


# Dankbaarheids-Donderdag 3

## Dankbaarheid vir geleenthede en talente

Ons lees die volgende in Fillipense 4 vers 7: "Moet oor niks besorg wees nie maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes wag hou in Christus Jesus."

Ons elkeen het talente en geleenthede wat God in ons lewens geplaas het. Party kan goed praat, ander kan mooi skryf, sing, ander mense moed inpraat of dinge organiseer. Hierdie gawes is nie toevallig nie, dit is deel van God se plan vir ons. Wanneer ons dankbaar is vir ons talente en dit gebruik, kan ons 'n verskil maak in ander mense se lewens en God se liefde vir die wêreld wys. In Romeine 11 vers 36 lees ons: "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid." Daarom kan ons dankbaar wees vir elke kans wat ons kry – bv. om te leer, in 'n goeie skool te wees en om goeie sportafrigting te kry. Luister na die volgende skokkende statistiek oor Suid-Afrika: Ongeveer 66% van alle volwasse Suid-Afrikaners het nie 'n matrieksertifikaat agter hulle naam nie. Meer as 10% van alle volwassenes in ons land kan glad nie lees of selfs hul eie name skryf nie. Ons het dus só baie om voor dankbaar te wees. Wanneer ons ons geleenthede met dankbaarheid gebruik en nederig is oor ons talente, bring dit eer aan God.

"Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid."

### Ons het dus só baie om voor dankbaar te wees

**Dankie vir die talente en geleenthede wat U vir ons gee. Dankie dat elkeen van ons spesiaal geskape is met gawes waarmee U 'n doel het. Help ons om nie skaam te wees of bang te wees om dit te gebruik nie, maar om dit met 'n dankbare hart en tot U eer te gebruik. Gee ook dat ons nederig sal wees oor ons talente en vergeef ons wanneer ons ondankbaar is. Dankie dat alles uit U, deur U en vir U is. Amen**

Dankbaar

UIT DIE KANTOOR VAN DIE LOO

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# WANNEER AKADEMIESE PUNTE NIE DIE VOLLE STORIE VERTEL NIE

Wanneer ’n kind akademies sterk presteer, is dit maklik om te aanvaar dat enige loopbaan ’n goeie keuse sal wees. “Sy kan enigiets studeer” of “Hy móét ’n dokter of ingenieur word” is opmerkings wat baie ouers met die beste bedoelings maak.

Juis hier lê egter een van die grootste slaggate.

Goeie punte maak baie deure oop, maar dit wys nie noodwendig watter deur die beste by ’n kind se persoonlikheid, belangstellings en waardes pas nie. Die belangrikste vraag is daarom nie: “Waarvoor kwalifiseer my kind?” nie, maar eerder: “Waar gaan my kind die beste floreer?”

Hoewel beroepe soos Geneeskunde, Ingenieurswese en Regte dikwels groot aansien geniet, is status alleen nie ’n aanduiding van geluk of loopbaantevredenheid nie. ’n Onderwyser wat met passie werk, ’n kunstenaar wat kreatief floreer of ’n entrepreneur wat probleme oplos, kan net soveel waarde tot die samelewing toevoeg as enige ander professionele persoon.



*Goeie punte maak baie deure oop, maar dit wys nie noodwendig watter deur die beste by ’n kind se persoonlikheid, belangstellings en waardes pas nie.*




Vir ouers is dit belangrik om vroeg reeds gesprekke oor loopbaankeuses te begin voer. Fokus nie slegs op akademiese prestasie nie, maar vra vrae soos:

- Watter vak geniet jy die meeste?
- Watter werk laat jou die tyd vergeet?
- Waaroor lees jy uit eie belangstelling?
- Watter projekte maak jou opgewonde?

Hierdie gesprekke bied dikwels meer insig as ’n rapport alleen.

Persoonlikheid speel ook ’n belangrike rol. Twee leerders met identiese punte kan heeltemal verskillende ideale loopbane hê. Die een geniet mense, spanwerk en kommunikasie, terwyl die ander verkies om onafhanklik en met groot aandag aan detail te werk. Albei kan suksesvol wees – maar waarskynlik in verskillende beroepe.

Net so beïnvloed werkswaardes ’n mens se loopbaantevredenheid. Sommige jongmense wil graag mense help, ander wil tegniese probleme oplos, kreatief wees of nuwe idees ontwikkel. Vir ander is stabiliteit, balans tussen werk en gesinslewe of avontuurlike werk belangriker.

Belangstellings ontwikkel ook oor tyd. Daarom is dit waardevol om gereeld met kinders oor hul drome en doelwitte te gesels eerder as om aan te neem dat hul voorkeure onveranderd sal bly.

’n Loopbaan is immers ’n langtermynreis. Die doel behoort nie te wees om die beroep met die hoogste status te kies nie, maar om ’n loopbaan te vind waarin ’n jongmens sy of haar talente, persoonlikheid en waardes ten volle kan uitleef.

Die mooiste kompliment wat ’n ouer eendag kan hoor, is nie: “Hy kon enigiets geword het.” Dit is eerder: “Hy het presies geword waarvoor hy gemaak is.”

Wanneer vermoëns, persoonlikheid, belangstellings en waardes bymekaar kom, lei dit nie net tot ’n suksesvolle loopbaan nie, maar tot ’n betekenisvolle en vervullende lewe.

1. Imoné Marais (93%), 2. Henro Loubser (92.56%), 3. Marla Kruger (92.33%), 4. Ivan van Tol, 5. Jean-dré Steyn, 6. Kaitlin Luyt, 7. Zelia du Toit, 7. Isabella Kruger, 8. Diaan Liebenberg, 9. Mckayla Arends, 9. Jay le Roux, 9. Ruwan van Niekerk, 10. Reinart Krog - afwesig

#trotsJF

# TOP 10

## Kwartaal 2 Graad 8



1. Liana van Niekerk (96%), 2. LJ Cromhout (93.33%), 3. Emmerike van Niekerk (92.89%), 4. Janey Jacobs, 5. Dimoné Erasmus, 6. Liané Hugo, 7. Magdelie van Wyk, 8. Calem du Toit, 9. Zilke Ekard, 10. Wilmien Visser

#trotsJF

# JF-AKADEMIE

*Baie geluk*

## Eskom Expo



### Charlotte Gibbens

* Ontvang GOUD vir haar projek wat ondersoek instel na die uitdagings wat pasiënte met Guillain-Barre-sindroom ná hospitalisasie ervaar.

* Sy is die beste in haar kategorie

* Sy word uitgenooi om Suid-Afrika te verteenwoordig by die internasionale byeenkoms later vanjaar.

#trotsJF



### Liané Hugo

* Ontvang GOUD vir haar projek wat die impak van kleurverskille in die sigbaarheid van slaggate ondersoek en die gebruik daarvan om padveiligheid te verbeter.

#trotsJF

# Charlotte & Liané blink uit by
# Eskom Expo Streekskompetisie

Ons is ongelooflik trots op twee van ons uitblinkers, Charlotte Gibbens (graad 9) en Liané Hugo (graad 8), wat op 1 Augustus besonderse sukses behaal het by die Eskom Expo vir Jong Wetenskaplikes.

Charlotte, het die jaar in die Sosiale Wetenskappe-afdeling deelgeneem met haar projek "Post-Discharge Support Gaps and Rehabilitation Access among Guillain-Barré Syndrome Patients in South Africa". Haar navorsing het ondersoek ingestel na die uitdagings wat Guillain-Barré-sindroom (GBS)-pasiënte in Suid-Afrika ná ontslag uit die hospitaal ervaar, veral met betrekking tot rehabilitasie, ondersteuning en herstel. Die studie spreek 'n belangrike leemte in plaaslike navorsing aan en is geïnspireer deur Charlotte se eie persoonlike ervaring met GBS. Charlotte is tydens die geleentheid by CUT met 'n goue medalje bekroon, aangewys as wenner van die Beste Projek in die Sosiale Wetenskappe-afdeling, en gekies om Suid-Afrika later vanjaar by die International Science Fair te verteenwoordig. Wat 'n ongelooflike prestasie!

#trotsJF



Liané, wat vir die eerste keer deelneem, het in die Omgewingstudies-afdeling deelgeneem met haar projek "The Effect of Colour Contrast on the Visibility of Road Damage". Dit het ondersoek ingestel na hoe kleurkontras die sigbaarheid van padskade beïnvloed en hoe dit moontlik gebruik kan word om padveiligheid te verbeter. Die beoordelaars was beïndruk met die praktiese toepassing van haar navorsing op 'n alledaagse uitdaging waarmee Suid-Afrikaanse padgebruikers gereeld te doen kry. Liané is by die geleentheid met 'n goue medalje bekroon.

Beide leerders het met hul toewyding, kreatiwiteit en harde werk bewys dat wetenskap, innovasie en kritiese denke kragtige hulpmiddels is waarmee jong mense 'n positiewe verskil in die wêreld kan maak.

Wil jy volgende jaar deelneem? Begin reeds nou dink aan 'n probleem of vraag wat jy graag wil ondersoek. Die beste wetenskaplike projekte begin met nuuskierigheid en 'n begeerteom 'n verskil te maak.






# Landloop












#trotsJF

## Die atlete het hul laaste liga gehardloop op 31 Julie 2026.

Hiermee hul uitslae:

Hendrik Rautenbach het 'n 12de plek behaal in die seuns o 14 se 4 km en Ruan Liebenberg behaal 'n 8ste plek in die jong seuns se 2 km.

Alex du Plessis het 'n 12de plek behaal in die seuns 0/16 se 6km.

Caralize Reyneke het 'n 2de plek behaal in die o 14 dogters se 4 km met 'n tyd van 17,59 minute. Liané Hugo behaal 'n 6de plek en Minke Smit behaal 'n 8ste plek in die dogters o 14 se 4 km.

Safiya Sampson behaal 'n 2de plek in die dogters 0/15 se 4 km met 'n tyd van 21,34 minute.

Rukaiya Sampson behaal 'n 6de plek in die dogters o 16 se 4 km.

AJ Theron behaal 'n 11de plek in die jong mans se 2 km afdeling met 'n tyd van 8,21 minute.

Danell Oelofse behaal 'n 1ste plek in die jong vroue se 6 km in net 26,10 minute.

Baie geluk aan hierdie leerders. Daar is talle leerders wat wel nog gaan deelneem aan die Vrystaatkampioenskappe die 15de Augustus.

Baie sterkte aan almal, ons hou duim vas.

Hoërskool

# Jim Fouché

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

**AVIS** | CAR SALES

BLOEMFONTEIN
051 409 9732
Aviscarsales.co.za

R 500
per persoon

R2000
per 4-bal span

Bespreek u 4-bal by
Merice Erasmus - 063 202 6387

# GHOLFDAG

## 22 SEPT '26

## BLOEMFONTEIN GHOLFBAAN

**STONEY'S**
*Wheel & Tyre*

